30 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38

# Die geboorte-aankondiging van die Verlosser

Tussen vyf en ses maande na sy verskyning aan Sagaria word die engel Gabriël na ’n nederige huisie in die dorp Nasaret gestuur. Teenoor hom staan ’n bloedjong meisie, Maria, wat deur God uitgekies is om die aardse moeder van sy Seun te wees.

Hier staan ons van aangesig tot aangesig voor daardie onbegryplike wonder waaroor onder andere in Sondag 5 van die Heidelbergse Kategismus gehandel word: dat daar net een manier is waarop ons van God se oordeel bevry kan word, naamlik deur te voldoen aan die eis van God se geregtigheid. Omdat geen mens, dier of engel egter “die las van God se ewige toorn teen die sonde kan dra en ander skepsels daarvan kan verlos nie”, moes God ’n unieke, eenmalige wonder laat plaasvind. Sy eie Seun moet die hemelse ligkamers verlaat en mens word! Terwyl Jesus Christus dus volledig *God bly*, moes Hy tegelyk ook volledig *mens word* ten einde sondaars te kan verlos.

Maria reageer nie soos Sagaria in ongeloof op die engel se aankondiging nie. Sy is wel oorweldig, maar sy vra nie ’n teken nie. In sy antwoord handel die engel oor een van die diepste en grootste misteries van alle tye: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek.” Hier is net God aan die werk! “Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God” (vs 35).

Saam met die hooggeagte Teofilus kan jy ook oor hierdie betroubare getuienis van Lukas juig, want waarlik: die Woord hét mens geword en onder ons kom woon! Daarom kon Hy vir jou ware, egte verlossing aan die kruis berei.

Sing: Psalm 139:3, 6

Ds JJ Cloete (Koster)